education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 7

HUISTAAL (HT)

KONTROLETOETS

JUNIE 2024

TYDSDUUR: 2 URE

PUNTE: 60

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

NAAM: _____

KLAS: _____

INSTRUKSIES AAN LEERDERS

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae:

   - VRAAG 1: BEGRIPSTOETS Punte: 20
   - VRAAG 2: VISUELE TEKS Punte: 10
   - VRAAG 3: OPSOMMING Punte: 10
   - VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES Punte: 20

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Trek ‘n lyn na elke voltooide afdeling.

6. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

7. Skryf netjies en leesbaar en gebruik slegs ‘n blou pen.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: BEGRIPSTOETS

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

‘n Padda in my toilet

1. Ja, jy het reg gelees. Dit was net groter en gladder as hierdie een op die foto.

2. G R I L L E R I G!!!! NEE, EK JOK NIE. Ek weet sommer jy gaan volgende vra hoe kom die dekselse padda daar. Maklike antwoord, ek het dit daarin gesmyt. Hoekom op aarde vra jy. Sien – My kinders was reg, ek kan gedagtes lees….

3. Ek bly in ‘n woonstel op ‘n plaas, vir die wat nog nie weet nie.

4. Turf grond, paddas, muskiete en vlieë loop hand aan hand. Kombineer dit met my liefde vir vars lug, sal dit makliker wees om die prentjie te verstaan wat ek probeer skets. My vensters en deure moet oop, wyyyyyyd oop. Ek moes opweeg wat weeg die swaarste. ‘n Muskiet en vlieglose toe bedompige woonstel, ‘n of oop vars woonstel met blikke vol insekdoders. Aanvanklik het oop deure die blikke gewen. Dit was nie ideaal nie maar draagliker as ‘n bedompige woonstel. Die enkele paddas wat so nou en dan kom inloer het was draaglik en kon maklik uitgehelp word met ‘n besem (langerige steel) en ‘n sjoe uit, U I T !!!

5. Wat ek nog nie genoem het nie, is dat ek ‘n ligte slaper is. Die plop-plop-plop van ‘n enkele padda op my teel vloer het my aandag getrek maar selfs dit was gaanbaar. Toe die geploppery meer word en ernstig in ritme en lawaai toeneem was dit nie meer snaaks nie. Die spulletjie het onder kas en bed en wie weet waar ingegaan en soos hulle spring onaardige geluide gemaak as hulle teen iets vas spring. Ek het die Egiptenare begin jammer kry….

6. Die volgende dag was dit operasie padda uitjaag. Daar was altesaam agt grillerige

Kopiereg voorbehou

paddas en ek moes plan maak. Na ‘n gesukkel om hulle uit te kry het ek besluit om maar die skuifdeur toe te maak. Ek hou meer van slaap en buitendien is die vensters darem nog oop. Aijaaijaaaaaaaaai. Groot fout. Daardie aand maak ek reg vir groot slaap en kry instede daarvan, groot ontnugtering. Weer word ek wakker gehou deur ‘n spul paddas en ek dog ek het hulle net “gemis”. Toe ek in die middel van die nag iewers my wip vir al die gewippery, sien ek met ‘n skok hoe die gevaartes by my venster in kom. (Nee ek jok nie) Dis toe wat ek eers opmerk hoe naby die venster buite aan die plaveisel is en hoe maklik hulle kan inkom. ‘n Verdere operasie padda jaag was nodig en 12 paddas later is die vensters ook toe.

https://bondelsgeadgtes.wordpress.com

Vrae:

1.1 Hoe het die padda in die skrywer se toilet beland? (1)

_____

1.2 Wat was die geluid wat die paddas maak terwyl hulle rondspring?

_____ (1)

1.3 Watter keuse het die skrywer uiteindelik gemaak om die paddas uit te hou?

_____ (1)

1.4 Wat het die skrywer gebruik om die paddas uit die woonstel te verwyder?

_____ (1)

1.5 Watter "groot fout" het die skrywer gemaak?

_____ (1)

1.6 Hoeveel paddas het die skrywer uiteindelik uit sy woonstel verwyder?

_____ (1)

1.7 Waarom het die skrywer die vensters en deure van die woonstel heeltyd oopgehou?

_____ (1)

1.8 Waarom het die skrywer so maklik wakker geword van die geluide in die nag?

_____ (1)

1.9 Hoe beklemtoon die skrywer dit dat die deure en vensters baie groot oop moes wees?

_____

(1)

1.10 Kies die korrekte antwoord.

1.10.1 Watter aspek van die omgewing waarin die skrywer gebly het, het bygedra tot die probleem met die paddas?

A paddas soek plek om weg te kruip vir insekte
B paddas hou van die vars lug in die woonstel
C paddas hou van die tipe grond en insekte
D paddas swem graag in toilette (1)

1.10.2 Wat is die hoofgedagte van paragraaf 2?

A die skrywer se liefde vir insekte en paddas
B hoe die skrywer insekte en paddas uithou
C die skrywer se begeerte na vars lug
D die skrywer beskryf sy blyplek (1)

1.10.3 Wat is die idee van die skrywer se beskrywing van die padda in paragraaf 1?

A om die voorkoms van die padda baie deeglik te beskryf
B om die lesers te laat verstaan dat hulle reg gelees het
C om die grillerigheid van die padda te beklemtoon
D om die padda op die foto te beskryf (1)

1.10.4 Warom dink jy het die skrywer die paddas met ‘n langsteel besem uit die huis gejaag?

A omdat hy so ver as moontlik van die paddas wou wegbly
B omdat hy wou skoonmaak waar die paddas gemors het
C omdat hy nie die paddas wou seermaak nie
D omdat die paddas baie rondgespring het (1)

1.10.5 Wat beteken ‘n “onaardige geluid”?

A ‘n geluid wat die aarde maak
B ‘n geluid wat paddas maak
C nie ‘n mooi geluid nie
D ‘n harde geluid (1)

1.11 Haal ‘n sin uit die leesstuk aan wat verduidelik dat die skrywer agtergekom dat daar al hoe meer paddas in sy kamer is.

_____ (1)

1.12 Wat lei jy af oor die onderstaande opmerking van die skrywer?

"Sien – My kinders was reg. ek kan gedagtes lees…"

_____ (1)

1.13 Dink jy dat die skrywer sagkens met die paddas gewerk het? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (2)

1.14 Watter alternatiewe / ander benaderings kon die skrywer kon gebruik het om die probleem met die paddas op te los?

_____

_____ (2)

[20]

VRAAG 2: VISUELE TEKS

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.



2.1 Wie is die twee karakters in die strokie?

(2)

_____

2.2 Wie hou die papier in die eerste raampie vas?

(1)

_____

2.3 Beskryf die emosies van die karakters in raampie 2.

(2)

_____

2.4 Is die manskarakter in raampie 2 formeel of informeel aangetrek? Verduidelik. (2)

_____

2.5 Is dit wat die leerder gedoen het vir jou aanvaarbaar? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

2.6 Kies die korrekte antwoord.

2.6.1 Wat is die doel van die strokiesprent?

A waardering vir kunste ontwikkel

B om te vermaak (humor)

C om op te voed

D inligting te deel (1)

[10]

VRAAG 3: OPSOMMING

Lees die volgende artikel deur en som dit in 7 hoofpunte (50 - 60 woorde) op:

- Beplan jou opsomming deur hoofgedagtes te identifiseer.
- Nommer die hoofgedagtes.
- Skryf ‘n eerste weergawe van jou opsomming in paragraafvorm.
- Skryf in volsinne.
- Gebruik korrekte punktuasie, spelling en taalkonvensies.
- Skryf die finale weergawe van jou opsomming.
- Skryf die hoeveelheid woorde aan die einde van die opsomming neer.

Tegnieke vir skoolkinders om stres te hanteer

Die lewe van skoolkinders is besig. Dit kan stres veroorsaak. Beheer van jou stresvlakke. Hier is ‘n paar tegnieke om jou daarmee te help:

Almal se raad is dat jy jou tyd goed moet bestuur, maar niemand wys jou regtig hoe nie. Stel ’n skedule op en maak tyd vir skoolwerk, studietyd en buitemuurse-aktiwiteite en rustyd.

Fisiese oefening is ‘n groot stresverligter. Die goed-voel hormoon endorfien word geproduseer wanneer jy oefen. As jy gelukkig is, voel jy outomaties minder gestres. Strek of Joga is ook wonderlik vir spanningverligting.

Haal diep asem wanneer jy gestres is. Dit laat meer suurstof deur na jou brein. Dit help jou brein om helder te dink. Dit kalmeer jou asemhaling en verlaag jou hartklop.

Wanneer ons gestres voel, is ons geneig om ons van ons geliefdes af te sluit. Praat oor die spanning wat jy ervaar met iemand wat jy liefhet en respekteer.

Spandeer tyd in die natuur of loop kaalvoet op die gras om gevoelens van vrees, woede en angs verminder. Dit sal jou fisiese welsyn verhoog.

Navorsing het bewys aangename geure soos die reuk van rose, kaneel en sitrus ’n kalmerende effek op mense het. As jy van enige van hierdie reuke hou, kry ’n vloeibare borrelbadseep wat lekker ruik of ’n geurige kers wat jou kan help met die verligting van stres.

Doen iets lekkers. Help uit by ‘n hondeskuiling uit of besoek ‘n familielid wie jy lanklaas gesien het. Luister na jou hart en doen wat die beste is vir jou.

https://www.afrikaanseskoolprojekte.co.za

Beplanning:

3.1 _____

_____

3.2 _____

_____

3.3 _____

_____

3.4 _____

_____

3.5 _____

_____

3.6 _____

_____

3.7 _____

_____

Eerste weergawe

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Finale weergawe

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

[10]

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Let daarop dat jy in hierdie afedeling gepenaliseer sal word indien jy spelfoute maak waar jy woorde uit die vraestel moet oorskryf.

Lees die onderstaande inligtingsteks en beantwoord die vrae:

Belangrike feite oor olifante



1. Internasionale Olifantdag is op 12 Augustus. Die persoon wat gehelp het dat hierdie dag elke jaar gevier word, is die Kanadese rolprentmaker, Patricia Sims.
2. Die rekord vir die swaarste olifanttande wat in Suid-Afrika aangeteken is, is 1 027 kg.
3. ’n Olifant kan tussen 60 en 70 jaar oud word. Daar is olifante wat in gevangeneskap 80 jaar oud geword het.
4. Die swaarste slagtand waarvan daar skriftelike bewys is, het 117 kg geweeg en die langste slagtand was 3,26 meter lank.
5. ’n Olifant se brein weeg tussen 4,5 en 5 kg, die grootste van enige soogdier op land.
6. Olifante se breine is besonder goed ontwikkel. Hulle het die beste geheue van alle diere!
7. Olifante kan goed swem en hulle kan selfs goed klim, maar hulle kan nie spring of hardloop nie. Wanneer hulle “hardloop”, is dit ’n soort skuifel. Maar moenie dat hul manier van beweeg jou flous nie, hulle kan tot 40 km per uur beweeg as hulle skrik of kwaad is
8. Olifante se vel is baie sensitief vir son. Die koeie laat die hul *kleinkies* meestal in hul eie skaduwee staan

https://weet.co.za

Vrae:

4.1 Waarom word Olifantdag in paragraaf 1 met ‘n hoofletter geskryf?

_____ (1)

4.2 Skryf voorbeelde van die volgende woordsoorte uit paragraaf 3 neer.

4.2.1 koppelwerkwoord _____ (1)

4.2.2 hulpwerkwoord _____ (1)

4.2.3 onbepaalde lidwoord _____ (1)

4.2.4 voorsetsel _____ (1)

4.3 Gee ‘n sinoniem vir **skriftelike** in paragraaf 4.

_____ (1)

4.4 Wat is die basisvorm (stamwoord) vir **gevangeneskap** in paragraaf 3? (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord uit kolom B en pas dit by die woord in kolom A. Skryf jou antwoord in die spasie wat doorvoor gelaat is.

Kolom A		**Antwoord**	**Kolom B**	
4.5.1	slagtand		a.	akroniem
4.5.2	die		b.	bepaalde lidwoord
4.5.3	hulle		c.	afkorting
4.5.4	1 027		d.	samestelling
4.5.5	swaarste		e.	hooftelwoord
4.5.6	kg		f.	onbepaalde lidwoord
4.5.7	gevoellig		g.	oortreffende trap
			h.	persoonlike voornaamwoord
			i.	antoniem vir sensitief

(7)

4.6 Gee die intensiewe vorm van **oud**.

_____ (1)

4.7 Skryf ‘n sin om die onderstreepte woord in die sin ‘n ander betekenis te gee.

‘n Olifant kan 60 tot 70 jaar oud word.

_____ (1)

4.8 Verbeter die spelling van die skuinsgedrukte woord in paragraaf 8.

_____ (1)

4.9 Is “olifanttande” ‘n samestelling of ‘n samestellende afleiding? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

_____ (2)

4.10 Kies die korrekte antwoord.

4.10.1 Wat beteken die idioom?

Jy het ‘n geheue soos ‘n olifant.

A Jou brein is goed ontwikkel.

B Jy kan baie goed onthou.

C Jou brein is baie groot.

D Jy is baie slim. (1)

[20]

GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou